

Graad R klas werk speel-speel vir groot skool



Elke dag by die Kleuterkaasteel werk die graad R klas baie hard om slim te word vir die groot skool. Gister was 'n spesiale dag wat hulle kon gedoen het net waarvoor hulle lus was. Daar was geverf, gebou en geboer – gebak, met klei gespeel en selfs winkel-winkel gespeel. Donderdag is graad R dag!

Terugblik



HEILBRON HERALD
VRYDAG, 1 FEBRUARIE 2013

Oom Jan kan tamaties kweek - Mnr Jan van Zyl van Heilbron het hierdie reuse Pondrose-tamatie van 1,121kg gekweek. Hy is 'n ywerige tuinier.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Ek wil baie graag dankie sê aan die tannie in die rystoel, wat vir ons almal sulke mooi notaboeies uitgedeel het wat sy self gemaak het. Jammer dat ek nie toe kon uitvind wie sy is nie. Ek is kort daarna bietjie weg Oos Kaap toe. Dit was nou 'n baie mooi kersgeskenk. Sonder my notaboekie is ek verlore met

inkopies doen! Sy het dit so pragtig gemaak. Dit word des te meer nog meer waardeer, omdat sy dit self gemaak het. Dis dierbaar van haar om op so 'n manier aan ons te gedink het. Vreeslik baie dankie! Seën en sterkte vir 2019. Ek het dit al seker dikwels gesê, maar ek sê dit weer, dat dit daardie klein dingetjies is, wat met soveel liefde gegee word, wat tel. Namens Tannie Heléne van Huis Bron-van-Heil

Skenk jou skryfbehoeftes Maak 'n verskil

Dit is Januarie en die skooltas is reeds netjies gepak propvol nuwe skryfbehoeftes om die nuwe skooljaar aan te pak. Vir talle gesinne is hierdie tyd van die jaar egter 'n groot bekommernis wanneer kinders, sonder die nodige skryfbehoeftes, benoud en skaam skool toe moet gaan. Saam kan ons egter 'n verskil maak en seker maak elke leerder begin die jaar met groot opgewondenheid!

Office National loods 'n nasionale projek

waar skryfbehoeftes geskenk kan word aan minderbevoorregte leerders.

Bring jou ou potloodsakkie met vergete penne, potlode en meer om jou bydrae te lewer. Donasies word ook verder beloon met groot pryse vir skole en leerders wat deelneem. Neem 'n foto van jou donasie en plaas dit op sosiale media met die #ONmystationerypledge merk. Herald Office National sien uit om saam met jou 'n verskil te maak! #ONmystationerypledge



Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00.
Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033

2 Night Hunting weekends

- New camp with excellent kitchen, accommodation & boma
- 4 hunters/ visitors
- Land Rover plus 'walk & stalk'
- Blesbuck, Impala, Springbuck, Tsessebe, Reedbuck, Fallow Deer, Waterbuck – Prices on request.

Friday afternoons to Sunday mornings

- reservations required

VAALKRANS

Game Breeders

Contact Colleen | 082 889 0638 | www.vaalkrans.co.za